higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PATROONKONSTRUKSIE N4

(10010484)

28 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: **Antwoordboek, wit tikpapier.**
Kandidate benodig tekeninstrumente en 'n swart fynomlynpen.

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 3 addenda.

117Q1B2028

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PATROONKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A: 50 punte
   AFDELING B: 150 punte
   GROOTTOTAAL: 200 punte

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n woord of 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Verwydering van volheid	A	omgekeer
1.1.2	Metaalliniaal met twee arms wat 'n regte hoek vorm	B	stylontleding
1.1.3	Patroondeel wat gebruik word om moulose rok af te rond	C	kepies
1.1.4	Instrument wat gebruik word om inligting van patroon na materiaal oor te dra	D	pylnaat vir kontrole
1.1.5	Maat wat geneem word met 'n arm skuins gehou	E	belegsel
1.1.6	Vermoë om die ontwerp te lees	F	rygplooitjies
1.1.7	Gevind op die skouerlyn van die dameslyfievoorpant	G	l-vierkant
1.1.8	Twee teenoorstaande plooie	H	aftrekwieletjie
1.1.9	Merke wat aanduiders ('guides') is wanneer nate gelas word	I	tussenbelegsel
1.1.10	Laag van materiaal wat aan 'n belegsel vasgewerk word om dit te versterk	J	agterste arm

(10 × 1) (10)

1.2 Verduidelik kortliks elk van die volgende terme wat in patroonkonstruksie gebruik word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Patroonbewerking

1.2.2 Middellyfinkorting (‘waist suppression’)

1.2.3 Borsprominensie

1.2.4 Spil (‘pivot’)

1.2.5 Konstruksielyne

(5 × 2) (10)

[20]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Rolkraag is 'n voorbeeld van 'n plat kraag.

2.2 Borsdeursnit ('across chest') is 'n voorbeeld van 'n gordelmaat ('girth measurement').

2.3 Vir die ruwe tekening van die dames- passende jaspant ('jacket block') word die rokpant gebruik.

2.4 Tweestukmou is die geskikste mou vir 'n damesbloes.

2.5 Kniplyne op 'n finale patroon word met stippellyne aangedui.

2.6 Voor- en agterskuinstes ('pitches') word op die halslyn van die basiese lyfiepant gemerk.

2.7 Knoopsgate op 'n damesbloes word vertikaal aan die linkerkant van die bloes geplaas.

2.8 'n Lokale klok ('local flare') is nodig wanneer 'n A-lynromp bewerk word.

2.9 Halvering is die teken van twee reghoekige lyne.

2.10 Inruiming is dieselfde as rygplooitjies.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Beskryf kortliks hoe die volgende mate van 'n vroulike figuur geneem word. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Bors

3.2 Ruglengte

3.3 Synaatlengte

3.4 Skouerwydte

3.5 Middellyf

(5 × 2) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Identifiseer die volgende genommerde halslyne. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1



4.2



4.3



4.4



4.5



(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Alle ruwe tekeninge en bewerkings ('manipulations') moet op vyfde skaal gedoen word.
2. Alle bewerkings en ruwe tekeninge moet op wit tikpapier gedoen word en dan in die ANTWOORDBOEK geplak word.
3. Slegs basiese pante wat saam met hierdie vraestel verskaf word, mag gebruik word.
4. Moenie 'n rooi pen gebruik nie.
5. Geen los stukke sal nagesien word nie.

VRAAG 5

5.1 Gebruik die damesrokspant, voor en agter, en die moupant in ADDENDUM A en maak aanpassings vir 'n damesbloespant, grootte 13, op vyfde skaal.

Maak gebruik van die volgende mate en instruksies:

Bloeslengte = 62 cm gemeet van die middel agter nekholtepunt.

Trek 'n loodlyn ('square out') om die agtersynaatlengte te bepaal.

Gebruik die bloes-agtersynaatlengte om die bloesvoorlengte te bepaal.

RUG EN AGTERPANT VAN BLOES

Laat sak mousgat by synaat = 1,5 cm

Vergroot in wydte by mousgat (onder armsgat) = 1 cm

Teken nuwe mousgat

Vergroot in wydte by synaatsoomlyn = 1 cm

Teken nuwe synaat

MOU

Laat sak mousgat, agter en voor = 1,5 cm

Vergroot in wydte by mousgat onder armsgat en mouboordjie = 1 cm

Teken nuwe moulyne

Kopiereg voorbehou

IGNOREER PYLNATE

Kleurmerk die pant en voltooi benoeming. (35)

5.2 Bestudeer die skets van 'n dameslyfie hier onder. Gebruik die lyfiepant, voor, wat op ADDENDUM B verskaf word, en lê die volgende bewerkings op vyfde skaal voor.

5.2.1 Beplanningsfase van lyfie voor en belegsel (20)

5.2.2 Finale patroon van lyfie voor (10)

5.2.3 Finale patroon van lyfiebelegsel (10)



Maak gebruik van die volgende mate en instruksies:

Merk punt A by middelvoor van halspunt.

Meet 10 cm afwaarts vanaf A om punt B te vind. Trek nuwe halslyn.

Belegselwydte by middelvoor = 4 cm

Belegselwydte by synaat = 4 cm

Naattoelating = 1,5 cm

Soomtoelating = 1 cm

[75]

VRAAG 6

Bestudeer die skets van 'n damesromp hier onder. Gebruik die damesrompvoorpant, grootte 13, op ADDENDUM C en lê die volgende bewerkings op vyfde skaal voor:

6.1 Beplanningsfase van die rompvoorpant (15)

6.2 Werkende patroon van klokromp ('godet') (10)



Maak gebruik van die volgende mate en instruksies:

Vergroot by synaatsoom = 2 cm

Klokromplengte = 25 cm

Klokrompwydte = 15 cm

[25]

VRAAG 7

Maak gebruik van die volgende mate en instruksies en teken 'n dames-eenstukmoupant, grootte 13, op vyfde skaal.

VEREISTE MATE:

Mousgatmaat	= 43 cm
Agterskuinste tot armsgatlyn (8–9)	= 10,2 cm
Agterskuinste tot onderarm punt op kurwe (8–29)	= 14 cm
Skouerpunt tot agterskuinste (8–17)	= 7 cm
Moukop (8–17 en 19–voorskuinste)	= 23 cm
Voorskuinste tot onderarm punt (FP–29)	= 5,2 cm
Mounaatlengte	= 46 cm

Kopiereg voorbehou

Trek 'n reghoekige lyn uit en af ('square out and down') op die regterkant van papier.
Merk punt 0 by hoek.

0–1 = 8–9, minus 6 mm af

1–2 = 8–17 + 19-FP, minus 2 cm. Draai van 1 af om lyn vanaf 0 te raak.
Verbind 1 met 2.

3 = Halfpad tussen 0 en 2

3–4 = 4 cm, trek loodlyn op. Stippel 'n lyn van 4 tot 1. Merk punt 5 op lyn 1 tot 2

5–6 = 2 cm loodlyn af vanaf 5 na regs

1–7 = Mounaatlengte af

7–8 = 2 cm af

8–9 = 11 cm reghoekig na links. Verbind 8 met 9.

1–10 = VS ('FP') na 29. Loodlyn na links vanaf 1 met stippellyn vir 'n ent
Merk punt 10 op die stippellyn

2–11 = AS ('BP') na onderarmpunt na regs
Draai op 2 om die stippellyn vanaf 1 te raak. Merk punt 11.

7–12 = Afstand 1 tot 10, na links. Verbind 12 en 10.

7–13 = Afstand 1 tot 10, na regs.

7–14 = Afstand 1 tot 10, loodlyn na regs.
Verbind 13 en 14 (onderarmvoorlyn)
Verbind 11 met 12, 2 met 9 en 9 met 12
Trek loodlyn op die lyn na links.
Merk punt 15 waar die lyn van 2–9 afgesny is.

15–16 = Afstand 11–15, trek loodlyn na links op lyn 2–9

9–17 = Afstand 9–12 na links van lyn, trek loodlyn uit van 9
Verbind 17 met 16 (onderarmlyn)
Die agter-onderarmnaat is 2 cm langer as die voor-onderarm om 'n elmboogpylnaat op die agtersoom te plaas vir beter passing en ruimte vir beweging
Buig die mouboordjierand van 17, 12, 7 en 13

MOUKOP

Halveer die hoek by 15 na links en merk 'n punt op die halveringslyn 6 cm van 15.
Buig die moukop in vanaf 16 deur halveringspunt opwaarts na 2, buig deur 4 na 6 amper parallel met lyn 4–1, af na lyn 0–1, buig uit na 14.

DUI PANTINLIGTING AAN **[50]**

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADENDUM A



ADDENDUM B



Kopiereg voorbehou

ADDENDUM C



Kopiereg voorbehou